

Herkenning en erkenning van strafgerig oor die Geloftesvolk

Deur Jurgens van Zyl

10 Oktober 2015

Voorwoord

Vriende ek wil dit vandag noem **dat ek baie dinge moet beklemtoon en aanhaal** omdat dit belangrik gaan wees om die **Geloftesvolk se posisie** ten opsigte van **Herkenning en erkenning van strafgerig oor die Geloftesvolk** te bespreek.

Hier is vier aspekte wat spruit uit die onderwerp hier ter sprake:

- 1. Herkenning**
- 2. Erkenning**
- 3. Strafgerig**
- 4. Geloftesvolk**

Gaan nie noodwendig in hierdie volgorde, nie bespreek word nie.

1. Geloftesvolk

Eerstens word hier gepraat met die **Geloftesvolk hier in Suidelike Afrika**. Hierdie volk soos ons haar ken **is die Boerevolk/Boerevolk** en dit is **n volk geplant** deur ons **Almagtige Vader YHWH**, Skepper van die Hemel en aarde en ons **Verlosser Yahushuah Ha Messiah**.

Die **Boerevolk** het, sedert sy wording, as '**n geloofsgetroue volk** bekend gestaan. **Ons vadere het met goed en bloed betaal ter wille van hul geloof**.

Ons Geloftesvolk stam uit tienduisende **geloofsmartelare vanuit Europa**. Die Christelike gelowe, of kerklike denominasies van die Europese volke, het hul weg na Suid Afrika gevind en word hier bewaar en in stand gehou en ook deur ons volk hier in Suid Afrika opgepas. Dit is egter tragies dat **Hoog.1:6** eindig met die woorde: "**My eie wingerd het ek nie opgepas nie**".

MAAR,

Op uitsonderlike wyse is die Geloftesvolk telkens in **krisisuur na krisisuur**,..... na **verootmoediging**,..... op sy **eeu-oue volkspad** - Skriftuurlike weg teruggeplaas.

Ons staan tans weer in so'n krisisuur - waarskynlik **die grootste** en **beslissendste krisis** in ons volksbestaan.

Ek neem u treug na 1838,

Die Geloofte van **hierdie Boerevolk (Gelooftevolk)** het beslis roemryke en verreikende gevolge gehad. Daardeur is Boerebloed,..... wat verraderlik deur 'n heidense vyand verspil is,..... tienvoudig gewreek..... Die land is braak gelê vir ontwikkeling en beskawing.

Die bloeddorstige Swartstamme (Mfecane), waartydens na raming 2-miljoen Swartmense omgekom het,..... is beëindig deur **die geloftedaad** wat hier plaasgevind het, dus ook vir die Swartmense van Suid-Afrika groot voordeel tot gevolg gehad.

Hiervolgens beoordeel,was **hierdie Geloofte.....** 'n **daad deur Almagtige Vader YAHWEH ingegewe**wat sonder weerga in sy heilsame nagevolge in die ons Gelooftevolk se geskiedenis is. **Almagtige Vader YAHWEH** het inderdaad ook voor ons gelowige vadere uitgetrek, wanneer hulle getrou aan Hom gebly het,..... of na afdwaling na Hom teruggekeer het.

Deu.31:6 sê dit duidelik: "**Wees sterk en vol moed; wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie; want dit is Yahweh jou ELOHIM wat saam met jou trek; HY sal jou nie begewe of verlaat nie.**"

Die Geloofte het n verbintenis dat:
"**wij tot Zijn eer zullen vieren**".

Dit het daartoe gelei dat Afrikaners reëlmatig op **Geloftedag** bymekaar kom, om die gebeure rondom **16 Desember 1838 te gedenk** en oor die toepassing daarvan **te besin**.

Die Geloofte verder verbind ons in die bewoording:

"dat wij het aan onze kinderen zullen zeggen dat zij met ons er moeten delen,..... tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten".

Hierdeur het **Geloftedag** 'n baie besondere betekenis in ons **Volksgeskiedenis** verwerf.

Dit het 'n dag geword waarop **diep ingegryp** word.... in die **gang van ons Geloftesvolk se volkslewe**.

Dit vervul 'n **koers-aanduidende rol**as één van die **fundamentstene** waarop die **Geloftesvolk** sy **geskiedenis** en **volkwees grondves**.

Oor die jare heen het **koersvaste Boere, tydens Geloftesfees-toesprake**, dan ook gepoog om rondom die **Gelofte** ook oor hul eie koers **te besin**. Dit het 'n **wegwyser** gedien waarby ons telkens tot stilstand kom om te bepaal - **waarheen nou?**

Vir president S.J.P.Kruger,..... was **die Gelofte** die spil waarom ons **volksbestaan** gedraai het. In 'n **Geloftesfeesrede te Paardekraal in 1896** het hy hom so hieroor uitgelaat:

"U gans skaar wat hier vergader is..... om die gedenkteken wat vir ons en ons nageslag as 'n blywende monument opgerig is.....; opdat ons getrou mag wees aan ons Gelofte om Hom te dien en ander volkgenote daartoe op te wek. Let op wat daar geskrywe staan....., op die feite....., sodat u weet wat God gedoen het om ons te verlos..... en ons kan vashou aan die gedagte dat Hy sy volk verlos het met sy Almagtige Hand.....

My broeders en susters, staan daarby stil, dat die Fees 'n godsdienstige fees is om God te dien en geen mens nie.

Alle menslike roem is uitgesluit,..... want daar wil die natuur heen. Hier is geen mense - maar Godsverering."

Die gelowige ou president het onwrikbaar vas geglo dat die Boereoorwinning by Bloedrivier deur die ingryping van **Almagtige Vader YAHWEH** bewerkstellig is. Tydens 'n **Geloftesfees in 1891** het hy sy geloof hierin duidelik in die volgende woorde saamgevat:

"En God het die oorwinning oor duisende vyande gegee en daarin is Gods Hand weer gesien. Die mense was byna radeloos voor Pretorius se koms; maar hulle het hulle hande opgehef en daar het redding gekom."

"Die beroemde Boer Paul Kruger het die Transvaalse burgers gereeld "God's volk" en "volk van die verbond" genoem.

Ons as kinders van van die Almagtige Vader YAHWEH moet let op ons lewenswee.....of dit tot eer van ons Verlosser en Redder, Yahushuah Ha Messiah is, en of dit met gruwels besaai is in menseverering....

Wanneer n volk sy land wat Almagtige Vader YHWH deur soveel wonders se, voorsienigheid en uitredding aan hom gegee het..... oorgee aan SY Vyande.....wat ook ons geswore vyande is, deur liberale teologiewat ons verlam en ontwapen met n ongeregverdigde skuldgevoel..... omdat ons in belang van ons geloof en nageslag opgetree het..... is daar sekerlik groot fout.

Dan kom hierdie teologie ernstig onder verdenking..... en moet sy wortels deeglik ondersoek word.

2. Strafgerig

Die aanhangers van die liberaliste streef nie na die behoud van die Gelooftevolk en sy beskawing nie. Liberaal-humanistiese vertolkers van die **Geskiedenis** het geen begrip van die betekenis of doel van **Volksgeskiedenis** nie. Die Britse sekulêre historikus, G.N. Clarke, het by geleentheid gesê: "**There is no secret and no plan in history to be discovered.**".

Die historiese uitkyk van die moderne sekulêre historikus, is '**n filosofie van onkunde, frustrasie en wanhoop.**

Die Franse filosoof, Jean Paul Sarte, verklaar wanhopig:

"Since we cannot know who we are,..... where we came from,..... and where we are going,..... then the present throbbing moment is all that matters.".

Die **gemiddelde moderne historikus** is op hierdie **wanhoopsfilosofie** toegewese omdat hy die enigste onfeilbare bron, **die Skriftuurlike Skrifte (Bybel), ignoreer.** Hiervolgens bly beide die **oorsprong en bestemming van die Skepping** vir hom 'n raaisel.

Die **Gelowige-vertolker van die Skrifte**, daarenteen, het oor **die oorsprong en bestemming van die Skepping** geen twyfel nie. Die Skrif verseker hom in die Skrifte dat **Meester Yahushuah Ha Messiah** die oorsprong van die **Geskiedenis** is:

Joh.1:3 "Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan, wat ontstaan het nie."

Die doel van die Skepping is duidelik die voorsiening van 'n "**Bruid**" vir ons **Meester Yahushuah Ha Messiah:**

Rom.8:19."Want die hele skepping wag met reikhalsende verlange na die openbaarmaking van die kinders van ELOHIM."

Openbaring rig die uitnodiging:

Open.21:9 "Kom hierheen, ek sal jou die Bruid toon, die vrou van die Lam."

By die **SKRIF-gelowige** is daar geen twyfel oor wie die Bruid verteenwoordig nie,.... want in **Openbaring** ontvang hy die versekering:

Open 3:21 "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het."

Die sekulêre humanistiese siening dat die **Geskiedenis** die somtotaal van menslike prestasie verteenwoordig,,,,,,,,,,,,,, dit word deur die **SKRIF-gelowige** verwerp.

Vir die **SKRIF-gelowige** verteenwoordig die **Geskiedenis** die verhaal van die vervulling van **VADER YHWH se profesieë** oor die mensdom. En spesifiek die van die **Geloftevolk hier in Suid Afrika**

VADER YAHWEH neem in hierdie siening die sentrale plek in:
Hand.17:28 "Want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons."

Die **SKRIF-gelowige** word **beveel** om die **Geskiedenis** Skriftuurlik te benader:

Deu.32:7-8:

"Dink aan die dae van die ou tyd, let op die jare van geslag tot geslag: vra jou vader dat hy jou dit bekend maak; die ou mense, dat hulle jou dit sê. Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel"

VADER YAHWEH is Elohim van die ganse **Skepping**, ook van die **Geskiedenis**.

In die **Psalms** verklaar Hy:

Ps.2:8 "Eis van My, en Ek wil nasies gee as 'n erfdeel en die einde van die aarde as u besitting."

Die profeet Jesaja sluit pragtig hierby aan.

Jes.40:13-15 "Wie het die Gees van Yahweh bestier en as Sy raadsman Hom onderrig? Met wie het Hy raad gehou, dat dié Hom verstand sou gee en Hom sou leer aangaande die pad van die reg, en Hom kennis sou leer en Hom bekend maak die weg van volledige insig?"

Kyk, die nasies is soos 'n druppel aan die emmer, en soos 'n stoffie aan die weegskaal word hulle gereken. Kyk, Hy hef die eilande op soos 'n stoffie!"

In die huidige modern tydvak van die geskiedenis, is die **magte van ongeloof** in en onkunde oor die **Woord van Vader Yahweh** op mars en is daar haas geen plek op aarde waar die suiwer **SKRIFtuurlike** leer nie afgetakel en die **SKRIF-gelowige** nie verguis word nie, ook hier in ons eie land.

Ek haal aan uit: "Koers - leer en lewenskwesies" Brief 138 Junie 2015 - Artikel

"Die Kerk, wat glo ons?"

In ons dae is daar n beweging in ons kerklike leefwereld wat so lyk dit die bestaande Afrikaanse kerke wil verander om nader te beweeg aan die aanvaarding van die standpunte en opvattings wat onder andere deur die Belydenis van Belhar en die "Freedom Charter " gestel word.

Met argumente wat die klem swaar le op die wetenskaplikheid en die redelikheid van die eietydse denke word die Bybelse Reformatoriese teologie

as ouderwets en uitgedien beskrywe. Die nuwe denke word onder andere uitgedra deur die Fakulteit Teologie aan die Staatsuniversiteit te Pretoria. Daar werk die Afrikaanse kerke die NHKA en die NGK wat hulle eie kerklikbepaalde Fakulteite aan die Universiteite prysgegee het ter wille van die nuwe bedeling, nou saam met die Staat om teologie te doseer aan voornemende predikante.

Mededeling wat gepubliseer is van die standpunte van twee predikante van die NHKA wat n gesprek gevoer het met n lidmaat.....deur die predikante gese dat dit deesdae maar van elke lidmaat in die NHKA self afhang hoe hy elke geloofsartikel in die Drie Formuliere van eenhied wil verstaan.....dat dit glo aanvaarbaar is as Jesus se opstanding as n metafoor verstaan word, dit wil se Jesus se opstanding slegs n manier is om te se dat Jesus na n hoere vorm van etiese lewe oorgegaan het..... die begrip opstanding waarvan die Bybel praat beteken nie leterlike n ligaamlike opstanding uit die dood en die graf nie... want so iets , soos n ligaamlike opstanding uit die dood is tog nie wetenskaplik gesproke moontlik nie. So gesien is die verhaal van Jesus se maagdelike geboorte ook nie aanvaarbaar nie..... dat die Nuwe testament nie die onfeilbare Woord van God is nie maar eintlik nie veel meer as net mensewoorde oor God nie..... Paulus se briewe die inhoud van die evangelie skeef geterk het.... en die kern van die boodskap was eintlik maar net dat sy volgelinge respek vir hulle medemens moet he."

Ek sluit hiermee my aanhaling hier uit hierdie groen boekie.....

My vraag is egter as ek sulke lasterlike dinge lees..... Wat glo jy van die, heilige, algemene Christelike kerk wat Sondag na Sondag bely word?

3. Herkenning

Die profesie van die **Psalms** is besig om voor ons oë in vervulling te gaan: **Ps.2:1-3** "Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen Yahweh en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!"

Klaagliedere 5:1-7"Dink aan wat oor ons gekom het, sien en aanskou ons smaad. Ons erfdeel het na vreemdes oorgegaan, ons huise na uitlanders. Ons het wese geword sonder vader, ons moeders is soos weduwees. Ons water drink ons vir geld, ons hout kom teen betaling in. Ons vervolgers is op ons nek, ons is afgemat sonder dat daar rus aan ons gegun word. Na Egipte het ons die hand uitgesteek, na Assur om met brood versadig te word. Ons vaders het gesondig; hulle is daar nie meer nie, en ons dra hulle ongeregtigheid."

Die **Geloftevolk** met sy **Bybelgefundeerde verlede** het 'n kruispad bereik. Dit het tot ons gekom in die keuse..... van absolute vertroue op **VADER YAHH's verlossende Hand** in die lotgevalle van ons volk....., of steun op die advies en hulp van goddelose Leeraars vaqn ons tyd.(Liberalistiese verraaiers).

Dit is 'n kruispad waarvoor Israel in die tyd van Josua ook te staan gekom het. Josua het geweet hoe om sy volksgenote tereg te wys:

Jos.24:15"As dit julle keuse is, moet julle maar die goddelose weg opgaan, maar ek en my huis, ons sal Yahweh dien."

Net soos in die tyd van Josua, bewys ons volk vandag lippetaal ten opsigte van laasgenoemde belofte en verklaar ons:

Jos.24:16"Dit is ver van ons, dat ons Yahweh sou verlaat om ander gode te dien."

Tog het ons **Geloftevolk**,..... net soos toe,..... in werklikheid besluit om af te wyk van die ingeslane weg waarop ons vaders vir driehonderd twee en veertig jaar (**342**)van ons nasiewording gewandel het.

Die Boervolk in sy geheel is voor die keuse gestel om die weg te kies, soos wat dit duidelik in Jos.24 uitgespel word, en daardeur sy trou aan Abba Yahweh bevestig,..... of om 'n keuse te maak wat die internasionale gemeenskap sou behaag.

Die **Geloftevolk** het by wyse van landwye referendums duidelik laasgenoemde weg gekies! **Die geestelike erfgoed van ons volk het vir sommige 'n las geword**,..... waarvan hulle liefs ontslae wil raak..... In hierdie toestand begin hulle dan in die taal van **verraaiers** teenoor **ons verlede (ons Geskiedenis)** te spreek.

Die geloftes van ons vaders met ons **Skepper, Abba YHWH**, wat ten grondslag van ons rassuiwerheid lê, is vir sommige, **in die waan van eie wysheid, 'n verleentheid voor die wêreld**.

In die woorde van wyle Dr.D.F.Malan,..... is **hulle (verraaiers) begeester** met die gedagte om van ons land " **'n markplein vir die wêreld te maak**" en geen "**tuiste vir ons kinders**" nie.

Sy oproep van 16 Desember 1949 is by diesulkes nog net die eggo van 'n vergete boodskap: "**Afrikaner waar gaan jy heen?**".

Net soos Josua die Israelvolk die beloofde land binne gelei het..... en sy waarskuwings verontagsaam is,..... so het Dr. Malan ook die Boerevolk sy "Beloofted land" van politieke herryserie binnegelei..... Helaas, sy waarskuwings word ewe-eens verontagsaam!

Die versugtinge van die profeet Jesaja ten opsigte van die **verderflike handeling** van sy volksgenote, is vandag die versugting van menige behoudende Skrifgelowige:

Jesaja 1:5-8 "Waar wil julle nog geslaan word, dat julle voortgaan om aftewyk? Die hele hoof is siek, en die hele hart is krank. Van die voetsool af tot die hoof toe is daar geen heel plek aan nie, maar wonde en kwesplekke en vars houe! Hulle is nie uitgedruk of verbind of met olie versag nie. Julle land is 'n wildernis, julle stede is met vuur verbrand, vreemdes verteer julle landerye in jul teenwoordigheid, en dit is 'n wildernis soos by omkering deur vreemdes. En die dogter van Sion het oorgebly soos 'n skerpie in 'n wingerd, soos 'n slaapplekkie in 'n komkommertuin, soos 'n beleërde stad."

Die groepie **behoudende** Skrifgelowiges wat oorgebly het, voel inderwaarheid soos die inwoners van 'n beleërde stad in die midde van hul **liberale volksgenote**. Die huidige volksomstandighede is, vir hierdie behoudendes Skrifgelowiges, tiperend van wat die profeet beskryf as:

Jes.30:9-11 "Want dit is 'n wederstrewige volk, leuenagtige kinders, kinders wat die wet van Yahweh nie wil hoor nie; wat aan die sieners sê: Sien nie! En aan die profete: Profeteer nie wat reg is nie; spreek vleitaal vir ons, profeteer bedrieëry; wyk af van die weg, buig af van die pad, laat die Heilige van Israel voor ons aangesig verdwyn!"

4. Erkenning

In die lig van die feit dat daar diegene mag wees wat die reg van 'n "**leek**" mag betwyfel **om te spreek soos ek spreek**, wil ek antwoord met **die Skrif Woord**:

1 Kor.2:13 "Daarom spreek ons ook, nie met woorde wat menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk."

Ten opsigte van dié leiers van ons volk wat weier om die **Woord van Yahweh** en die **Hand van Yahweh** in die lotgevalle van volke, tale en nasies te erken, word die Geloftesvolk gewaarsku om ag te gee op die woorde van die profeet **Esegjel**

Ese.13:4-5 "jou profete, o Israel, is soos jakkalse in puinhope. Julle het in die bresse nie opgegaan en die muur nie gebou om Israel, om in die stryd pal te staan in die dag van Yahweh nie."

Hierdie verleiers van ons volk moet let op die **geloofspad** wat ons tot hiertoe geloop het en die **mure waarbinne ons** ons deur die eeue teen ons vyande verskans het..... die profeet **Esegjel** spreek tot hulle:

Ese.13:22-23 "Omdat julle met leuens die hart van die regverdige droewig gemaak het - terwyl Ek(YHWH) hom geen smart aangedoen het nie - en die hande van die goddelose versterk het, dat hy van sy slegte weg nie sou terugkeer, om hom in die lewe te hou nie; daarom sal julle geen bedrieglike gesigte meer sien en geen waarsêery meer bedrywe nie; maar Ek(YHWH) sal my volk uit julle hand red, en julle sal weet dat Ek Yahweh is."

Omdat die "**wagters op Sionsmure stom geword het**", is ek geroep op Stofbakkies om aan die Geloftevolk te sê:

Jes.59:1-2"Kyk, die hand van Yahweh is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie, maar julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle EL, en julle sondes het Sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy(YHWH) nie hoor nie!"

As u die vraag sou stel: "**Wat staan ons te doen?**", dan antwoord ek in die woorde van die profeet Joël:

Joël 2:15-17 "Blaas die basuin op Sion, heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam! Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suigeling! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek. Laat die priesters, die dienaars van Yahweh, tussen die voorportaal en die altaar ween en sê: o Yahweh, spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies met hulle spot nie; waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is julle EL?"

Die leraars van die kerke van ons volk ignoreer die profesieë van Yahweh ten opsigte van ons volk. Die vertolking hiervan is oorgelaat aan diegene wat as "**sekte**" gebrandmerk staan.

Ons voorgangers het ons in die duister gehou oor die **Weg wat die Woord vereis** dat ons daarin opgaan. Oor hierdie toedrag van sake spreek die profeet Jeremia ons aan:

Jer.23:16"So sê Yahweh van die leërskaare: Luister nie na die woorde van die (vals)profete wat hulle vir julle profeteer nie; hulle vervul julle met ydele verwagtinge; gesigte uit hulle eie hart,nie uit die mond van Yahweh nie."

Daar is leiers wat hulle eie voordeel voorop stel en die **geestelike welsyn van die volk minag**. Tot diesulkes word die woorde van die profeet Sagaria gerig:

Sag.13:7"Ontwaak,..... o swaard,..... teen my herder,..... teen die man wat my metgesel is! spreek Yahweh van die leërskaare.Slaan die herder,..... sodat die skape verstrooi word; en Ek (Abba YHWH) sal weer my Hand uitsteek oor die geringes."

Daar is diegene wat sê:

"Daar is geen ommekeer meer moontlik nie!
Die Geloftevolk gaan saam met die res van die mensdom die pad van die ongeloof op."

Dit is diegene wat by implikasie aanvaar dat "**YHWH ELOHIM** dood is", soos die sondige wêreld van ons tyd graag wil aanvaar, ten einde Sy straf vry te spring.

In die woorde van die profeet Miga sê ek aan u:

Miga 3:8-9: "Ek daarenteen is vol krag, met die Gees van Yahweh, en reg en heldemoed, om aan Jakob sy oortreding te verkondig en aan Israel sy sonde. Hoor tog dit, hoofde van die huis van Jakob en owerstes van die huis van Israel! Julle wat van die reg 'n afsku het en al wat reg is verdraai."

Die **Geskiedenis** van die Gelooftevolk is deurdrenk met getuienis oor die teenwoordigheid van **Vader Yahweh se Hand in ons nasiewording**. Ware perspektief,..... as gevolg van humanistiese vertolking daarvan,..... is tot dusver van die Gelooftevolk weerhou. Om perspektief daar te stel,..... is dit nodig dat ons weer die **Geskiedenis** in oënskou sal neem..... Hierdie keer egter om die **Hand van Vader Yahweh in die lotgevalle van ons nasie** waar te neem. (**Betaal wat jy beloof het o' Gelooftevolk**)

In die woorde van die profeet Jesaja spreek **Vader Yahweh ons aan:**
Jes.51:4"Luister na My, my volk, neig die oor tot My, my nasie! Want 'n wet sal van My uitgaan en Ek sal my reg vasstel as 'n lig van die volke."

Die inhoud van hierdie **Wet van Vader Yahweh** blyk onder meer uit ***Deut32:7-8" Dink aan die dae van die ou tyd, let op die jare, van geslag tot geslag; vra jou vader, dat hy jou dit bekend maak; die ou mense, dat hulle jou dit sê. Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel."***

Deur die profeet Jeremia gebied Vader Yahweh ons om ag te gee op die gelowige weg van ons voorsate:

Jer.6:16:"So spreek Yahweh: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel."

Want wat het dit Adam gebaat dat hy negehonderd-en-dertig jaar geleef het en dit wat hy bevel is, oortree het? Daarom het die lang tyd wat hy geleef het, hom nie gebaat nie, maar die dood gebring en die jare van diegene wat uit hom gebore is..... kortgeknip.

OF

Op watter manier het Moses verlies gely omdat hy net eenhonderd en twintig jaar geleef het? Insoverre hy ondergeskik was aan HOM wat hom formeer het, ook die wet gebring na die nageslag van Jakob..... en n lamp aangesteek vir die volk van Israel.

Nieteenstaande die **veelgeroemde gelowige verlede van ons Geloofte voorvaders** en die kennelik-waarneembare **Hand van Vader Yahweh** daarin,..... moet ons met skaamte die **waarheid van die Woord van Vader Yahweh** in die profeet Jesaja erken:

***Jes.18:15-16*"Nogtans het my volk My vergeet, hulle het rook laat opgaan vir nietige afgode; dié het hulle laat struikel op al hulle weë, op die ou paaie, om te loop op sypaaie, 'n ongemaakte pad; om hulle land te maak 'n voorwerp van verbasing, van bespotting vir ewig. Elkeen wat daar verbytrek, sal hom verbaas en sy hoof skud."**

Die Geskiedenis leer dat niemand uit die Geskiedenis wil leer nie.....

Daarom moet ons vashou in ons hart alles wat Vader YHWH ons beveel volgens die Skrifte en dit verseel in die dieptes van ons gedagtes. Want die aard van die mens is altyd veranderlik.

Maar as ons..... ***ons harte voorberei om die vrug van die wet daarin te saai***..... sal dit ons beskerm in die tyd wanneer die Almagtige die hele skepping gaan skud. Want as ons volhard en aanhou in SY vrees en nie SY wet vergeet nie, sal die tye vir ons ten goede verander en sal ons die vertroosting van Sion sien.

Laat ons dan nou, in die lig van die voorgenoemde, opnuut die kronkelweë van die **Geskiedenis** betree,..... maar laat ons in hierdie herbetreeding van die Skriftuurlike "**ou paaie**"....., dit in nederige erkentlikheid teenoor ons **Skepper YHWH** doen en bely:

***(Psalm 119:108)*.Laat tog die vrywillige offerandes van my mond U behaag, o Abba YHWH, en leer my u verordeninge.**

***(Psalm 119:111)*.Ek het u getuienisse vir ewig as erfdeel ontvang, want hulle is die vreugde van my hart.**

***(Psalm 119:105)*."U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad."**

Dankie